Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Hooggeregshof Hersieningsnr: 142\06
Landdros Saaknr: Q6500\2005
Datum gelewer: 2006-08-18

In die hersieningsaak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**JONATHAN MCKENZIE** **BESKULDIGDE**

*Coram: MAJIEDT R et WILLIAMS R*

## UITSPRAAK OP SPESIALE HERSIENING

**MAJIEDT R:**

1. Hierdie aangeleentheid is voorgelê op spesiale hersiening deur die waarnemende hooflanddros van Kimberley.

2. Die beskuldigde is op 10 November 2005 skuldig bevind aan 'n oortreding van die bepalings vervat in artikel 154(c)(1) van Wet 27 van 1989, die misdryf algemeen bekend as "*dronk in die publiek*". Die beskuldigde is toe gevonnis tot 'n boete van R100 of by wanbetaling daarvan 10 dae

gevangenisstraf. Daar is verder geleentheid gebied aan hom om die voormelde boete op of voor 30 November 2005 te vereffen.

3. Die beskuldigde het egter versuim om die voormelde uitstelboete te betaal en is vanweë sy versuim gearresteer. Hy het op 5 Julie 2006 voor 'n waarnemende landdros verskyn om 'n verduideliking voor te lê waarom die boete nie betaal is nie. By daardie verskyning het die waarnemende landdros klaarblyklik die beskuldigde se versuim om die uitstelboete te betaal as 'n afsonderlike aanklag beskou (dit wil voorkom asof die waarnemende landdros die mening toegedaan was dat die beskuldigde se versuim minagting van die hof daarstel) en is hy daaraan skuldig bevind. Vir hierdie voormelde skuldigbevinding is die beskuldigde toe gevonnis tot 'n boete van R200 of by wanbetaling daarvan 20 dae gevangenisstraf.

4. Die verrigtinge by hierdie tweede verskyning op 5 Julie 2006 het ondermeer as volg verloop:

"HOF: Mnr Mackenzie, op 10 November 2005 was u skuldig bevind en u was beboet tot op R100.00 of 10 dae gevangenisstraf en u boete was uitgestel tot op 30 van November 2005 waar u die hele bedrag moet betaal het en u het versuim om dit te doen.

BESKULDIGDE: Ek was nie vir daardie tydjie hierso nie.
HOF: Luister eers Meneer. Van daar het u verskyn op 'n lasbrief. Die Hof gaan nou

by u navrae doen omdat u nie betaal het nie en indien die Hof uitvind dat dit nie u fout was nie, om nie te betaal nie, dan gaan die Hof u onskuldig vind. As die Hof nie oortuig is van u verduideliking vir die Hof waarom u nie die R100.00 betaal het nie, dan gaan u skuldig bevind word en gevonnis word. En u het nou die plig om die Hof te oortuig dat dit nie u fout was nie, dat u nie betaal het nie. Verstaan u? U kan getuies roep wat namens u sal getuig of u kan hier onder eed kom getuig."

5. Later tydens die verrigtinge het die waarnemende landdros die volgende aan die beskuldigde gesê:

"HOF: Sal u saamstem met die Hof dat u was in minagting van die Hof om nie die hofbevel uit te voer soos wat die Hof u meegedeel het nie?

BESKULDIGDE: Ja u Edele."

6. Die waarnemende landdros was duidelik verkeerd om die beskuldigde se versuim om die uitstelboete te betaal as 'n afsonderlike aanklag te beskou. Die waarnemende landdros moes slegs besluit aan die hand van die beskuldigde se verduideliking of daar verdere uitstel vir betaling van die boete verleen moes word of om andersins die tenuitvoerlegging van die opgelegde vonnis van R100 of 10 dae gevangenisstraf te gelas. Die tweede skuldigbevinding en vonnis opgelê op 5 Julie 2006 is gevolglik verkeerd en moet tersyde gestel word.

7. Alvorens ek 'n bevel hierin uitreik word die waarnemende hooflanddros, wat hierdie aangeleentheid op spesiale hersiening deurgestuur het, se aandag gevestig op die

uitspraak van 'n Volbank van hierdie Hof in **S v Jim Lasha, CA&R 40\05** gelewer op 9 Junie 2006 waarin beslis is dat die misdryf "*dronk in die publiek*" nie meer 'n misdryf daarstel ingevolge die huidige wetgewing nie.

8. Ek reik die volgende bevel uit hierin:

**a) Die beskuldigde se skuldigbevinding en vonnis opgelê op 5 Julie 2006 word beide tersyde gestel.**

**b) Die beskuldigde se skuldigbevinding en vonnis van 10 November 2005 word hiermee bekragtig.**

**c) Die beskuldigde word hiermee die geleentheid gebied om die boete van R100 wat hy opgelê is op 10 November 2005 te betaal vóór of op 31 Augustus 2006.**

**d) Die klerk van die hof word versoek om die inhoud van hierdie bevel aan die beskuldigde bekend te maak vóór 31 Augustus 2006.**

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

**CC WILLIAMS**

**REGTER**